SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 10 JUNIE 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van stille sleutel:

Dit is met leedwese dat die Boland Amateurradioklub moet aankondig dat die sleutel van Clyde Hyman, ZS1CS op Wonsdag 6 Junie 2018 stil geword het.

Ons betuig ons innige meegevoel aan sy vrou Linda, gesin en vriend

POUSE

In die nuus vandag:

HAMMIES NAELLOOP VANMIDDAG

NUWE SPAN NEEM KLETSKOUS RAAM RUIMTE ONTWIKKELING OOR

En

ILLW BEREIK 200STE INSKRYWING

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

DIE HAMMIES NAELLOOP VANMIDDAG

Die Hammies Naelloop is 'n prettige aktiwiteit om kontakte tussen Hammies en radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder met die klem op ZU-stasies en vind vanmiddag 14:00 tot 15:00 UTC plaas met foon aktiwiteit tussen 7 063 tot 7 100 en 7 130 tot 7 200 kHz. Die uitruiling is RS-verslag en provinsiale afkorting, stasies buite Suid-Afrika sal 'n RS-verslag en DX gee.

Kontakte met stasies in dieselfde ZS-streek is 1 punt werd en kontakte met ander ZS-streke of DX-stasies is 2 punte werd. Kontakte met die Hammies ARK, ZS1ZU, ZS2ZU, ZS3ZU, ZS4ZU en ZS6ZU of enige ander Hammies ARK wat op daardie stadium geregistreer mag word, is 5 punte. Kontakte met enige ZU-stasie is 3 punte werd en kontak tussen ZU-stasies is 5 punte werd.

Logboeke, in die ADIF-, Cabrillo- of MS Excel-formaat en gemerk "my roepsein Hammies" moet ingedien word teen 17 Junie 2017 en per e-pos aan chair-

man@zs6zu.org.za of zr6dx@iafrica.com gestuur word. Sertifikate word toegeken aan die eerste, tweede en derde plek en sertifikate word toegeken aan die eerste, tweede en derde plek vir ZU-stasies.

NUWE SPAN NEEM KLETSKOUS-SPASIE RUIMTE ONTWIKKELING OOR

By die AMSAT SA Kletskous-jaarlikse span byeenkoms is 'n nuwe span aangestel om die ontwikkeling van die Kletskous-spasie raamwerk oor te neem en van die Kaapstadse span te vervaardig. Dit word gelei deur Frik Wolff ZS6FZ, ondersteun deur Ton van den Bon, Riaan Greeff ZS4PR en Andries Smuts.

Die eerste plaaslik vervaardigde ruimte raam is vervaardig in 'n motorhuis werkswinkel deur Deon Coetzee ZR6DE. Deon het 'n student, Francois Oberholzer, verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch om die oorspronklike ontwerp verder te neem en 'n spasie raam te ontwikkel wat in hoeveelhede geproduseer kon word. Francoise se ruimtetuig het op die BACAR-vlug van Oktober 2017 gevlieg en het buiten gewoon goed gevaar. Die nuwe span sal verder verbeter op die ontwerp. Verlede jaar het Francoise Oberholzer met meesters graad gegradueer, gegrond op Kletskous-spasie raam ontwerp. Deon het nie meer 'n motor werkswinkel beskikbaar nie, maar sal voortgaan in 'n adviserende hoedanigheid. Die nuwe span se eerste taak is om die ontwerp VAN die ontplooiing stelsel vir die antenna en sonpanele te finaliseer en te bewys.

Vir meer inligting oor hierdie en ander satelliet verhale, besoek www.amstasa.org.za

IARU HF KAMPIOENSKAPPE EN WRTC-2018

Die IARU HF Kampioenskappe en WRTC-2018 sal vanaf 12:00 UTC op Saterdag 14 Julie tot 12:00 UTC op Sondag 15 Julie op die lug wees. Vermenigvuldigers in hierdie kompetisie Lid Vereniging se HQ-stasies en IARU-beamptes. Die SARL neem elke jaar deel van die roepsein ZS9HQ en die reëls maak voorsiening vir verskeie operateurs op verskillende bande die roepsein kan gebruik met gelykgolf en foon. Kontak asseblief vir Geoff Levey, ZS6C op contest@sarl.org.za as jy deel wil wees van die ZS9HQ-span.

ILLW BEREIK 200STE INSKRYWING

Dit was 'n baie interessante week in ons reis na vanjaar se Internasionale Vuurtoring en Ligskip Naweek (ILLW) gebeurtenis, wat nou net twee en 'n half maande weg is. Die 200ste inskrywing is van 'n YD in Wallis ontvang wat die Oos-Usk-vuurtoring wat in 1893 aan die oostekant van die rivier die Usk gebou is, sal aktiveer. Margaret se roepsein sal GB4EUL wees.

Volgens die inskrywingslys is daar vier Suid-Afrikaanse Vuurtorings op die lys - Kaap Hangklip, Groenpunt, Kaappunt en Robbeneiland. Ons is op skedule vir nog 'n goeie naweek, maar dit sal nuttig wees as jy jou inskrywing so spoedig moontlik kan ontvang, eerder as om dit na die laaste paar weke te laat.

Jy luister aan nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

RSGB-KONVENSIE SDR-LESING NOU AANLYN

Die RSGB het nog 'n 2017-kongres voorlegging in sy aanlyn video-portaal vrygestel. In sy aanbieding, "SDR - die stasie van die toekoms", kyk John Linford, G3WGV na watter sagteware gedefinieerde radio ons as radio amateurs bied en wat ons stasies dalk oor 'n paar jaar lyk. SDR is net so 'n ontwrigtende tegnologie soos die koms van halfgeleiers of sinteseerders. Daar word gesê dat dit oor vyf jaar nie meer moontlik sal wees om 'n nuwe radio te koop wat nie SDR gebaseer is nie. Die aanbieding is beskikbaar via www.rsgb.org/videos

OOS RAND RADIOKLUB SNUFFELMARK

Die Oos-Rand Radioklub sal op Saterdag 16 Junie hul volgende snuffel mark aanbied. Hulle begin om 12:00 by die klubhuis in Ebenezerweg in Benoni. Daar sal 'n inroep op 145,675 MHz wees. Bring al jou ongebruikte items. Daar sal die beste boereworsrolletjies en lekker koue drankies wees. Bring die gesin of 'n komende radio amateur. E-pos zs6erb@gmail.com vir meer inligting of om 'n tafel teen R20 per tafel te bespreek

CENTURION ARK AJV

Die Centurion ARK, ZS6CEN, se AJV word gehou op Saterdag 14 Julie 2018 by hul Klubhuis in Hatfield op die hoek van Jan Shoba en Prospect-strate. Vir verdere inligting, kontak gerus Ken ZS6KN by 083 383 9281

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 20 en 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag die Hammies Naelloop 16 Junie die Oos Rand Klub Snuffelmark 17 June Vadersdag, Wêreld QRP Dag en die sluitingsdatum vir HAMMIES Logstate 21 June Winter Sonstilstand 22 tot 25 Junie die SARL Top Band QSO geselligheid

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die Hammies Naelloop is 'n prettige aktiwiteit om kontakte tussen Hammies en radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder met die klem op ZU-stasies en vind vanmiddag 14:00 tot 15:00 UTC plaas met foon aktiwiteit tussen 7 063 tot 7 100 en 7 130 tot 7 200 kHz. Die uitruiling is RS-verslag en provinsiale afkorting, stasies buite Suid-Afrika sal 'n RS-verslag en DX gee.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien.

Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies. Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens u 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX